deur CARIEN GROBLER

Sy help hulle práát

Monita Will het die silwer randjie om die donker wolk van haar seun se gestremdheid raakgesien. Vandag gebruik sy dit om ander te bemagtig

"My seun, Ethan, is doof en serebraal gestremd gebore. Toe ek tien weke swanger was, het ek Duitse masels opgedoen. Die dokters het aanbeveel dat ek my baba laat aborteer weens die hoë rubella-telling, asook die verskeie risiko's soos doof- en blindheid, verkleining van die brein en onderontwikkeling van die hart, maar ek het op God vertrou.

"Ethan is gebore toe ek 37 weke swanger was. Hy is op twee maande met doofheid gediagnoseer en het op drie maande sy eerste gehoorapparaat gekry. Ons het egter later agtergekom dat dit geen verskil maak nie.

"Hy het min nekbeheer gehad, kon nie kruip nie en moes gereeld deur 'n fisioterapeut behandel word. Toe hy vier maande oud was, het sy longe platgeval en die dokters was oortuig dat hy sou sterf. Ek het op God bly vertrou en ná 'n maand op die asemhalingsmasjien kon hy weer op sy eie asemhaal.

"Ons het vir hom gebid en intussen het die dokters met 'n behandelingsplan begin waarvoor hy elke maand in die hospitaal opgeneem is. Hy is genees en tot vandag toe is sy rubella-telling nul. Dit is medies onmoontlik, maar hy is my groot getuienis in die lewe!"

Die mooi, blonde vrou aan die woord is so geesdriftig dat 'n mens jou skaars kan voorstel dat sy al só baie uitdagings moes oorkom. Monita Will is die eienares van Tiny Handz CC, 'n onderneming wat gebaretaal gebruik om babas, outistiese en gestremde kinders, asook bejaardes wat sukkel om te kommunikeer, te bemagtig. Sy het die silwer randjie om die donker wolk van haar seun se doofheid gesien en help nou ander mense om struikelblokke met kommunikasie te oorkom.

Monita vertel Ethan is later vir 'n kogleêre inplanting in die Kaap goedgekeur. "Ek en my man is intussen geskei en ek en Ethan is Kaap toe. Weens infeksie in sy koglea het die operasie twee keer misluk. Hy is daarvoor behandel en toe hy uiteindelik sy inplanting kry, was hy al twee jaar en ses maande oud."

Ethan het twee jaar lank aan die Carel du Toit-skool vir dowes in Kaapstad skoolgegaan, waarna hy na die De la Bat-skool vir dowes op Worcester verwys is omdat sy spraak nie na wense ontwikkel het nie.

"Ek is aangeraai om nie gebare te gebruik om met hom te kommunikeer nie, aangesien dit sou keer dat hy begin praat. Dit is die een brokkie raad wat ek nie moes volg nie. Ek het egter nie geweet dat dit eintlik die teenoorgestelde effek sou hê nie!"

Monita vertel dat sy begin het om deur middel van gebare met Ethan te kommunikeer nadat hy op Worcester begin skoolgaan het. "Ek het klasse in Kaapstad bygewoon en was so bevoorreg om werk by die Nasionale Instituut vir Dowes te kry waar ek verder kon leer. Sy spraak het stelselmatig verbeter. Dit was ongelooflik om te sien en ervaar nadat daar byna vyf jaar lank baie min doeltreffende kommunikasie tussen ons was. Toe hy die eerste keer 'n gebaar gebruik het, het ek in trane uitgebars!"

Ethan het so goed gevorder dat Monita oorweeg het om hom in 'n horende skoolomgewing te plaas. Die skool moes egter steeds sy fisieke gestremdheid akkommodeer. Sy het van die Martie du Plessis-skool vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes op Bloemfontein gehoor. Sy en Ethan het twee jaar gelede hierheen verhuis.

"Hy vorder pragtig! Hy is nou agt jaar oud en in graad 2, ondanks al die terugslae. Dit is aan twee dinge te danke: God se genade en gebare. Wanneer 'n mens gebare gebruik, stimuleer jy dieselfde gedeelte van die brein wat spraak inisieer. Op hierdie manier stimuleer 'n mens indirek spraak."

Susan Stevenson/Shutterstock

Kinders met spesiale behoeftes

Toe Monita nie in Bloemfontein werk kon kry nie, het sy begin navorsing doen oor die voordele van gebare vir babas en kinders met spesiale behoeftes.

"Tiny Handz is in my woonstel gebore. Sedertdien stap ek 'n ongelooflike pad met ouers van normale babas sowel as ouers, onderwysers en terapeute van kinders met spesiale behoeftes soos downsindroom, outisme, serebrale gestremdheid en ander toestande wat tot spraakgebrek bydra."

Monita vertel die gebrek aan kommunikasie veroorsaak dikwels frustrasie wanneer 'n mens met kinders met spesiale behoeftes werk. "Kinders met spesiale behoeftes sukkel dikwels met die kompleksiteit van gesproke taal, maar beskik tog oor die vermoë om te kommunikeer.

"Gebaretaal skep 'n kanaal van kommunikasie wat ook spraak- en taalvermoë bevorder. Gebaretaal en verbale kommunikasie kan gelyktydig aan die kind geleer word. Só demonstreer 'n mens aan 'n kind dat gebare en gesproke taal hand aan hand gaan."

Sy verduidelik dat die gebruik van gebare deur kinders met spesiale behoeftes egter nie net die voordeel van spraak- en taalontwikkeling inhou nie. "Hierdie kinders toon dikwels negatiewe sosiale gedrag soos angstigheid, aggressie en woedeuitbarstings. Hierdie gedrag word vererger wanneer die kind nie sy basiese behoeftes kan kommunikeer nie. Gebare kan hierdie frustrasie aansienlik verlig."

Volgens Monita is kinders met spesiale behoeftes ook meer geneig om sosiale interaksie met ander mense te hê as hulle oor die vermoë beskik om hulself uit te druk. "Kommunikasie deur middel van gebare help ook om die verbindings in die brein te maak wat nodig is om taal te verstaan. Verder help dit ook ouers, onderwysers en terapeute om 'n band met die kind te vorm, aangesien dit interaksie aanhelp en ook die angstigheid tydens moeilike kommunikasie verlig."

Cindy Mathison, onderwyseres aan die Wes-Randse Skool vir Gestremdes en spesifiek leergestremdes op Krugersdorp, borrel van opgewondenheid oor die verandering wat sy ervaar vandat hulle begin het om gebare in die klaskamer te gebruik.

"Ons het aanvanklik besluit om vir die kursus in te skryf aangesien ek 'n dowe meisie, Jaylin Welcome, in my klas het. Sedertdien sien ons op elke vlak 'n verskil in haar ontwikkeling. Sy is ook meer geneig tot interaksie met die ander kinders. Ek ervaar egter dat al die kinders, ook dié met spraakprobleme, daarby baat vind."

Gebare vir klein handjies

"Babas wil kommunikeer!" sê Monita. "Hoe vroeër dié kommunikasieproses begin, hoe beter."

Sy verduidelik dat babas reeds van die ouderdom van ses maande af gereed is om te kommunikeer. "Aangesien taal egter eers tussen 12 en 24 maande ontwikkel, benodig hulle 'n ander manier van kommunikasie. Hulle kan leer om eenvoudige gebare soos 'eet', 'slaap', 'nog', 'drukkie', 'speel' en 'koekie' te gebruik. Studies toon dat die gebruik van gebare vroeë kommunikasie aanmoedig. In plaas daarvan dat 'n baba 'n passiewe waarnemer is, kan hy of sy reeds van 'n vroeë ouderdom af aan gesprekke deelneem."

Die voordele van die gebruik van gebare om met 'n baba te kommunikeer, sluit in verbeterde taalontwikkeling, vroeëre verstandelike ontwikkeling, verbeterde taal- en luistervaardighede, 'n groter woordeskat en bevordering van tweetaligheid.

Gebare stel babas in staat om reeds vroeg hul behoeftes bekend te maak en help om selfvertroue te vestig. Dit verminder ook die frustrasie van 'n gebrek aan kommunikasie vir babas, ouers en versorgers, wat tot minder woedeuitbarstings en ander problematiese gedrag lei. Navorsing toon verder 'n verhoogde IK-vlak by babas wat gebare gebruik.



Monita en haar seuntjie, Ethan. Hulle gebruik die gebaar om te groet

Babas wat klets

Ronen gebruik dié gebaar vir vlieutuig

"My suster, Venessa-Anne de la Rey, het my die eerste keer aan gebaretaal vir babas bekendgestel," vertel Hannah de Jongh van Gauteng. "Sy het begin om vir Ronen, haar seuntjie en my peetkind, gebare te wys van die eerste dag wat hulle ná sy geboorte tuisgekom het.

"Baie mense was skepties en sommige het selfs agter haar rug gelag. Hulle moes egter hul lag sluk toe Ronen op ses maande begin gebare gebruik. Dit was ongelooflik! Ons kon met hom kommunikeer op 'n vlak wat geen ander mens kon nie. Vanessa-Anne se dogtertjie, Kalila-Luanne, is op 31 Mei vanjaar gebore en sy leer ook reeds vir haar gebare."

Met die geboorte van haar seuntjie, Johan, op 10 November verlede jaar, het Vanessa ook dadelik begin om vir hom gebare te leer. "Hy is nog baie klein en sy gebare is nog onduidelik, maar omdat ek die resultate met Ronen gesien het, weet ek die vrug van ons arbeid lê om die draai.

"As ek die gebaar vir 'bad' vir hom wys, skop hy opgewonde en maak kraaigeluidjies, want hy is mal daaroor om te bad! Die flitskaarte wat in Tiny Handz se program ingesluit word, leer vir hom die gebaar vir 'n woord, hoe die woord gespel word en ook hoe die voorwerp lyk. Dit gee hom 'n geweldige voorsprong."

Hannah vertel dat Ronen onlangs ernstig siek was. "Hy kon amper nie praat nie en was tydelik doof weens ernstige oorinfeksie. Ons kon egter steeds gebare gebruik om met hom te kommunikeer. Dit het die situasie heelwat vergemaklik.

"Ronen se kommunikasievaardighede is baie goed ontwikkel. Selfs vreemdelinge merk op hoe goed hy kommunikeer. Ons glo dis omdat hy van die begin af geleer het dat sy behoeftes bevredig word as hy dit duidelik kommunikeer."

Volgens Monita is die idee van Tiny Handz glad nie om 'n volledige kursus in gebaretaal aan te bied nie, maar om basiese begrippe aan te leer. "Dit maak 'n groot verskil wanneer iemand wat spraakgebrek ervaar, begrippe soos 'eet', 'honger', 'appel' en 'toilet' kan oordra. Die kategorieë wat tydens die kursus aangebied word, sluit in die alfabet, huishoudelike items, diere, kleure, emosies, die natuur, aksies, klere, kos, ensovoorts. Mense wat nie die klasse kan bywoon nie, kan 'n selfopleidingspakket bestel."

Sy vertel dat sy tans haar voelers uitsteek na hospitale, rehabilitasiesentrums en ouetehuise waar mense weens mediese toestande hul spraak verloor het. "Ons is ook besig met opleidingsmateriaal vir duikers wat hulle kan gebruik om meer doeltreffend onder water te kommunikeer. Dan is daar natuurlik ook gebare wat 'n mens kan gebruik om met diere te kommunikeer. Ons doen nog 'n bietjie huiswerk hieroor!" VI

Stuur 'n e-pos na contact@tinyhandz.co.za of besoek Monica se webwerf by www.tinyhandz.co.za